

# Rentmeesters in die Huishouding van GOD.



**Tit 1:7** Want 'n opsiener moet as 'n **rentmeester** van God onberispelik wees, nie eiesinnig, nie oplopend, geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie;  
**Tit 1:8** maar gasvry, een wat die goeie liefhet, ingetoë, regverdig, heilig, een wat homself beheers;



# Rentmeesters in God se huishouding.

## Rentmeesterskapopleiding :

‘n Rentmeester is ‘n ”beheerder van geld of goed.”

Rentmeesterskap beteken ”om rekenskap te gee” [ HAT Woordeboek ]

Die woord rentmeester in Grieks = Oikonómos:

Oikos = huis:

Nómos = Wet, beginsel, iets waardeur dinge beheer word hier: bestuurder.

Dus: Bestuurder van huishouding.

Ons verduidelik dus hoe die woord “oikónomos” in die Woord van God gebruik word, dit is belangrik dat ons die hele idee rondom die woord rentmeesterskap sal verstaan.

**Luk 12:35** Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand.

**Luk 12:36** En julle moet wees soos mense wat op hulle heer wag wanneer hy van die bruilof terugkom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom en aanklop.

**Luk 12:37** Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die heer wakker sal vind as hy kom. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom omgord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien.

**Luk 12:38** En as hy in die tweede **{21hoo tot oohoo}** of in die derde **{oohoo tot o3hoo}** nagwaak kom, en dit so vind gelukkig is daardie diensknegte.

**Luk 12:39** Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter uur die dief sou kom, sou hy gewaak het en nie in sy huis laat inbreek het nie.

**Luk 12:40** Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.

**Luk 12:41** Toe sê Petrus vir Hom: Here, vertel U hierdie gelykenis vir ons of ook vir almal?

**Luk 12:42** En die Here antwoord: Wie is dan die getroue en **verstandige bestuurder** wat die heer oor sy diensvolk sal aanstel om hulle rantsoen op tyd te gee?

**Luk 12:43** Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, só besig sal vind.

**Luk 12:44** Waarlik, Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel.

Huiseienaar = gewoonlik bekend as 'n rykman.

Stel dan vir hom 'n oikonómos (Rentmeester) aan; as hy dan weggaan moet die rentmeester die huishouding bestuur. Hy beskik dus oor volle bevoegdheid en die verantwoordelikheid, om besluite te neem oor die aanwending van die eienaar se finansies. Ook het hy die volmag in die afwesigheid van die eienaar, om in vergaderings namens hom op te tree en standpunt in te neem. En dit word aanvaar dat so 'n standpunt net so goed is, as wanneer die eienaar self daar sou gewees het.

Dus: die rentmeester bestuur iemand anders se besittings in sy afwesigheid namens hom.

## **Die Apostel Paulus, gee dan ook vir ons 'n voorbeeld in die verband.**

**Gal 4:1** Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles;

**Gal 4:2** maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal.

'n Rentmeester is dus iemand, wat met iemand anders se besittings werk. Wat in die Bybelse tyd gebeur het, in die afwesigheid van die eienaar en alles net so aan die rentmeester se verantwoordelikheid oorlê het. En wanneer die eienaar dan terugkeer, wil hy alles in orde vind.

En die rentmeester was nie altyd bewus van wanneer die dag van terugkeer sou wees nie.

Met die terugkeer van die eienaar moet die **rentmeester** volledige verslag lewer, van hoe hy die eienaar se besittings bestuur het.

Dan die groot vraag; Was hierdie rentmeester 'n eerlike, betroubare en verantwoordelike bestuurder gewees? Die moontlikheid was daar dat die rentmeester 'n selfsugtige persoon kon wees, en homself bevoordeel het bo die ander werknemers.

## **Lukas gee die volgende verduideliking.**

**Luk 16:1** En Hy het ook aan sy dissipels gesê: Daar was 'n ryk man wat 'n bestuurder gehad het; en hy is by hom aangeklaag as een wat sy besittings verkwis.

**Luk 16:2** En hy het hom geroep en vir hom gesê: Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake; want jy sal nie meer bestuurder kan wees nie.

**Luk 16:3** Toe sê die bestuurder by homself: Wat sal ek doen? Want my heer neem die bestuurderskap van my weg. Spit kan ek nie; om te bedel, skaam ek my.

= 'n Voorbeeld van 'n onverantwoordelike rentmeester. **Jou rentmeesterskap kom aan die lig.** Die individu sal dus tot verantwoording geroep word.

**Rom 14:12** So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.

**1Pet 4:5** Hulle sal rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel.

**Gal 6:5** Want elkeen sal sy eie pak dra.

### **Lede in die liggaam van Christus !**

Die liggaam met sy baie lede, maar tog 'n **organiese eenheid**, dien as beeld van die gemeente. Soos die liggaam een is; 'n bekende beeldspraak in die antieke wêreld, ook deur Paulus graag gebruik in verband met die gemeente volgens:

**Rom 12:4** Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie.

Bedoelende volgens die teksverband, dat Jesus Christus saam met Sy gemeente een liggaam vorm, waarvan **Hy die Hoof is** en die gelowiges die lede.

**Efes 1:22** En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp **en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,**

**1Kor 12:12** Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus.

**1Kor 12:13** Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke = (Heidense nasies - nie Joodse burgerskap nie) is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.

**1Kor 12:14** Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie.

**1Kor 12:15** As die voet sou sê: Omdat ek nie die hand is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie—behoort hy daarom nie aan die liggaam nie?

**1Kor 12:16** En as die oor sou sê: Omdat ek nie die oog is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie—behoort hy daarom nie aan die liggaam nie?

**1Kor 12:17** As die hele liggaam **oog was**, waar sou die **gehoor wees?** As dit geheel en al gehoor was, waar sou die **reuk wees?**

**1Kor 12:18** Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam gestel

soos Hy gewil het.

**1Kor 12:19** As almal een lid was, waar sou die liggaam wees?

**1Kor 12:20** Maar nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam.

**1Kor 12:21** En die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie; of ook die hoof vir die voete: Ek het julle nie nodig nie.

**1Kor 12:22** **Maar veel eerder is dié lede van die liggaam noodsaaklik wat die swakste lyk;**

Lede in die liggaam van Jesus Christus **is nie ornamente nie**, maar **instrumente**. Daar is talente, gawes en bedieninge vir die individu tot opbouing, stigting en uitbreiding van die koninkryk van God. Elkeen moet dus betrokke raak in God se huishouding. Ons sal rekenskap moet gee van ons **Rentmeesterskap**.

### **Drie soorte memse !**

(1) Beweeglike: (2) Onbeweeglike: (3) Iemand wat ander motiveer om in beweging te kom.

### **Medewerkers van God !**

Medewerkers van God: nog eens word die waarheid beklemtoon dat God alles is, maar ook dat dit die voorreg van Paulus en sy medewerkers te wees aan die groot werk van God. Die akker van God is julle: die arbeid van die medewerkers van God is gerig op die opbou van die gemeente, maar elkeen dra verantwoordelikheid vir sy **rentmeesterskap**.

**1 Kor 3:9** Want ons is **medewerkers** van God; die **akker** van God, die gebou van God is julle.

**1Kor 3:10** Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament (JESUS) gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou.

**1Kor 3:11** Want niemand kan 'n ander **fondament** lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.

**1Kor 3:12** En as iemand op dié fondament bou **goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels** — **“SES BOUSTOWWE”**

**Goud, Silwer, en kosbare stene is onvernietigbaar**, aanneembaar en gee eer aan God.

Hout, hooi en stoppels is vernietigbaar, onaanneembaar en soek eie eer en selfverheffing.

Ons werke gaan deur vuur openbaar gemaak word.

**1Kor 3:13** elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.

### **Kwaliteit Werk !**

In die huidige tydperk waarin ons tans lewe, duskant die wederkoms van Jesus. **Word daar baie klem gelê op 'Kwantiteit' eerder as kwaliteit.** Daar word verkiesliker gefokus op getalle as karakter. Dit is dan sonder twyfel 'n groot fout wat gemaak word. Iemand mag iets doen wat in die oë van die mens as 'n groot werk beskou word en daarvoor groot lof en eer ontvang, maar volgens God se standaard mag sy werk dalk glad nie goed wees nie. Die enigste beloning wat hy dan ontvang, mag wees wat hom hier in die vorm van die eer van mense gegee word. Dit sal dus nie die kwantiteit van ons werk wees nie, maar die kwaliteit wat sal tel.

**1Kor 3:14** As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, **sal hy loon ontvang;**

**1Kor 3:15** as iemand se werk verbrand word, **sal hy skade ly;** alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen. (Gered sonder loon.)

### **Grade van beloning.**

'n Baie betekenisvolle boodskap in die Nuwe Testament wat vir ons aandui dat daar **grade van beloning** sal wees, vind ons in die gelykenis van die ponde in **Lukas 19:11-27.**

**Luk 19:11** En terwyl hulle na hierdie dinge luister, vertel Hy daar nog 'n gelykenis by, omdat Hy naby Jerusalem was en hulle gedink het dat die koninkryk van God onmiddellik sou verskyn.

**Luk 19:12** Hy het dan gesê: 'n Man van hoë geboorte het na 'n verland gereis om vir homself 'n koningskap te ontvang en dan terug te kom.

**Luk 19:13** En nadat hy tien van sy diensknegte geroep het, gee hy hulle tien ponde en sê vir hulle: Dryf handel daarmee totdat ek kom.

**Luk 19:14** Maar sy medeburgers het hom gehaat en 'n gesantskap agter hom aan gestuur om te sê: Ons wil nie hê dat hierdie man

koning oor ons moet wees nie.

**Luk 19:15** En toe hy terugkom, nadat hy die koningskap ontvang het, sê hy dat daardie diensknegte aan wie hy die geld gegee het, by hom geroep moes word, sodat hy kon weet wat elkeen met handel verdien het.

**Luk 19:16** En die eerste het verskyn en gesê: Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak.

**Luk 19:17** En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor **tien stede**.

**Luk 19:18** En die tweede kom en sê: Meneer, u pond het vyf ponde verdien.

**Luk 19:19** En hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees oor **vyf stede**.

**Luk 19:20** En 'n ander een kom en sê: Meneer, hier is u pond wat ek in 'n doek weggesit het;

**Luk 19:21** want ek was bang vir u, omdat u 'n strawwe man is; u neem weg wat u nie uitgesit het nie, en maai wat u nie gesaai het nie.

**Luk 19:22** Toe sê hy vir hom: Uit jou mond sal ek jou oordeel, slegte dienskneg! Jy het geweet dat ek 'n strawwe man is wat wegneem wat ek nie uitgesit het nie, en maai wat ek nie gesaai het nie.

**Luk 19:23** Waarom het jy dan nie my geld aan die wisselaars gegee nie? Dan kon ek dit by my koms met rente ingevorder het.

**Luk 19:24** En aan die wat daarby staan, sê hy: Neem die pond van hom weg en gee dit aan hom wat die tien ponde het—

**Luk 19:25** en hulle sê vir hom: Meneer, hy het tien ponde

**Luk 19:26** want ek sê vir julle: Aan elkeen wat het, sal gegee word, maar van hom wat nie het nie, sal weggeneem word ook wat hy het.

**Luk 19:27** Maar daardie vyande van my wat nie wou hê dat ek koning oor hulle sou wees nie, bring hulle hier en slaan hulle voor my dood.

In hierdie gelykenis vertel die Here Jesus van 'n sekere edelman wat na 'n ver land moes reis om 'n koningskap te gaan ontvang. Voordat hy na die ver land vertrek het, het hy sy **tien diensknegte** nadergeroep en **aan elkeen van hulle een pond gegee**, en aan hulle gesê: "**Dryf handel daarmee totdat ek kom.**" (v 13)

Dan lees ons dat hy met sy terugkeer, nadat hy die koningskap ontvang het, die **tien diensknegte geroep het aan wie hy die geld gegee het** om te hoor hoeveel elkeen van hulle met die handeldryf verdien het. (Rekenskap moet gegee word van hulle rentmeesterskap) Die eerste een het gesê dat sy pond **tien ponde wins** opgelewer het, en die koning het vir hom gesê: "**Mooi so, goeie dienskneg, omdat jy in die minste getrou was, moet jy gesag hê oor tien stede.**" Die tweede een het **vyf ponde wins** gemaak



uit die een pond wat aan hom toe vertrou was, en aan hom is die **heerskappy oor vyf stede** gegee. Daar was egter een in die groep wat gesê het: "**Meneer**, hier is u pond wat ek in 'n doek weggesit het, want ek was bang vir u, omdat u 'n strawwe man is, u neem weg wat u nie uitgesit het nie, en maai wat u nie gesaai het nie." Toe sê hy vir hom: "**Uit jou mond sal ek jou oordeel, slegte dienskneg!**" ... En aan die wat daar staan sê hy: "**Neem die pond van hom weg en gee dit aan hom wat die tien ponde het want ek sê vir julle: Aan elkeen wat het, sal gegee word, maar van hom wat nie het nie, sal weggeneem word ook wat hy het.**" (v 20-26)

Elkeen van die tien in hierdie gelykenis het **dieselfde geleentheid** gehad, maar ten minste **een van hulle** het nie gebruik gemaak van wat aan hom toevertrou is nie. **Hy het geen beloning ontvang nie.** En was dus heeltemal onbetrokke in die dienswerk van sy heer.

Soos ons gesien het, het een man heerskappy oor tien stede ontvang en 'n ander heerskappy oor vyf. **Hieruit leer ons dat iemand gesag gegee sal word na die mate waarin hy gebruik gemaak het van sy geleentheid, om vir die Here te arbei.**

God is gretig om ons te beloon en doen alles wat moontlik is om belonings vir ons weg te bêre, maar **as ons laks en vleeslik is**, sodat **ons diens niks beteken nie**, sal ons **gered word, maar asof deur vuur heen**. Laat ons, ons voorneem om deur die genade van God nie met leë hande voor die bema, die regterstoel van Christus, te staan nie. 2Kor 5:10 \ Rom 14:10,12

Die Liedere digter: Moet ek gaan met leë hande, moet ek so my Heer ontmoet. Nie een siel gelei na Jesus, niks te offer aan Sy, sy.

**Ver 12** Die MAN wat dan na 'n ver land gereis het om vir HOMSELF KONINGSKAP te ontvang, en dan terug te kom is 'n sinnebeeld van JESUS CHRISTUS. Die diensknegte wat hulle loon ontvang met die terugkeer van die KONING versinnebeeld die kerk, die Bruid van JESUS CHRISTUS, wat verantwoording moet doen van haar — **Rentmeesterskap.**

## **Leringe, Gawes, Bamhartigheid, Finansies, Opsieners en Bedieninge !**

**(1) Leringe.** (Sien ook bl 34 "f" van die 18 bedieninge.)

**Mat** Hoofstuk 6 in drie fase: Liefdadigheid, Bid en Vas !!!

**(a)** Liefdadigheid.

**Mat 6:1** Pas op dat julle nie jul **liefdadigheid** voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by julle Vader wat in die hemele is nie. { U boustof hier is HOUT onaanneembaar vir God, geen loon nie. }

**Mat 6:2** Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.

**Mat 6:3** Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie.

**Mat 6:4** sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde.

**(b)** Gebed.

**Mat 6:5** En wanneer jy **bid**, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het. { U boustof hier is HOOI onaanneembaar vir God. Geen loon nie. }

**Mat 6:6** **Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer,** sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, **sal jou in die openbaar vergelde.**

**Mat 6:7** En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.

**Mat 6:8** Moet dan nie soos hulle word nie, **want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.**

**(c)** Vasting.

**Mat 6:16** En wanneer julle **vas**, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; **want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas.** Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg. { U boustof hier is STOPPELS, onaanneembaar vir God geen loon nie. }

**Mat 6:17** Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig,

**Mat 6:18** sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; **en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.**

## **Ons boustowwe aanneembaar, of onaanneembaar !!**

**1Kor 3:12** En as iemand op dié fondament bou **goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels.**

**1Kor 3:13** elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; **en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.**

**1Kor 3:14** As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; {Goud, Silwer en Edelgesteentes}

Goud = Heiligheid, Silwer = Reinheid, Edelgesteentes = Jou gebedslewe in jou binnekamer.

**(2) Gawes.** (Sien ook bl 35 "h" van die 18 bedieninge.)

Die doel van die Gawes bly tot eer van God. Soos enige iets in die gemeente plaasvind, is dit die hoogste prioriteit dat die gawes tot eer van God moet opereer. Trouens dit is een van die basiese punte van beoordeling van die werking van die gawes. Dit is dan belangrik dat ek sal toesien dat die wyse waarop die gawes deur my opereer tot eer van God sal wees, **en nie om myself uit te lug nie.**

In verband met die gawes praat die Bybel dikwels daarvan dat alles tot stigting moet geskied. Die woord '**Stigting**' beteken dan letterlik '**Om huis te bou**'. Die gemeente is die gebou van God en Jesus Christus die fondament (**1Kor 3:9-11**). Op hierdie fondament word die gelowiges as lewende stene gebou. (**1Pet 2:5**)

Dit is dan die mees korrekte wyse om die gawes van God met die steierwerk van 'n gebou te vergelyk.

Die 'gawes' is die steierwerk van 'n gebou, is tot stigting om huis te bou. Die kerk, die gemeente is die gebou van God. Met Jesus Christus as die fondasie van die gebou.

**1Kor 13 die hoofstuk** 'van liefde' lê tussen die **12de** en die **14de** hoofstuk van die gawes. Die gawes sonder die liefde is 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal.

Wanneer die gebou klaar gebou is word die steierwerk afgebreek '**Die**

**Gawes' 1Kor 13:8-10. Vers 8 (b)** maar Profesieë hulle sal tot niet gaan; of tale hulle sal ophou, of kennis dit sal tot niet gaan. **Vers 10** Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele tot niet gaan.

**Die nege gawes word opgedeel, in 'n drievoudige verdeling.**

(a) Die gawes van **geïnspireerde uitinge. {1 Kor 12}**

**Profesie** die 6de gawe; **Allerhande tale** die 8ste gawe; **Uitleg van tale** die 9de gawe.

(b) Die genade gawe van **Kragte.**

**Geloof** die 3de gawe; Werkinge van **Kragte** die 5de gawe; **Gesondmaking** die 4de gawe.

(c) Die genade gawe van **openbaringe.**

Woord van **wysheid**; 1ste gawe; Woord van **kennis**; 2de gawe; **Onderskeiding van geeste**; 7de gawe.

**1Kor 12:4** Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees;

**1Kor 12:5** en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here;

**1Kor 12:6** en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk.

**1Kor 12:7** Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.

**1Kor 12:8** Want aan die een word deur die Gees 'n woord van

(1) **wysheid** gegee, en aan die ander 'n woord van (2) **kennis** vanweë dieselfde Gees;

**1Kor 12:9** aan 'n ander weer (3) **geloof** deur dieselfde Gees, en aan 'n ander (4) **genadegawes van gesondmaking** deur dieselfde Gees;

**1Kor 12:10** aan 'n ander werkinge van (5) **kragte**, aan 'n ander — (6) **profesie**, aan 'n ander (7) **onderskeiding van die geeste**, aan 'n ander (8) **allerhande tale**, aan 'n (9) **ander uitleg van tale.**

**1Kor 12:11** Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.

**Sogenaamde Gawes van Profesie, en gesondmaking word misbruik deur baie valse profete tot hulle eie gewin en materiële**

**voorspoed. (Sodoende verryk hulle hulself !!)**

**(3) Barmhartigheid.** (Sien ook bl 33 "e" van die 18 bedieninge.)

**HAT; Woordeboek** 'Barmhartigheid' = Medelydend, met meegevoel; sag; Iemand barmhartig behandel.

**Wat is Barmhartigheid?**

Barmhartigheid is om uit te reik na iemand in nood sonder om verskonnings te soek, ongeag jou eie planne. Barmhartigheid is om die persoon in nood se behoefte hoër te ag as jou eie. Om ware barmhartigheid te betoon beteken om minder bekommerd te wees oor jou eie sake en meer om te gee vir ander en hulle pyn.

**Die Betekenis van die woord Barmhartigheid in die Skrif:**

Waar die woord 'barmhartigheid' gebruik word in die Afrikaanse Bybel, word verskillende **Hebreeuse** en **Griekse** woorde gebruik, bv. die **Hebreeuse woord "kheh-sed"**, wat beteken: "**favour, good deed, kindness, pity, merciful**", [guns, goeie dae, barmhartigheid, omgee] of die **Griekse woord "el-eh-os"**, wat beteken, "**compassion, (tender) mercy**". Somtyds is daardie selfde Hebreeuse woord bv. gebruik in verskillende tekse, maar verskillend vertaal in die Afrikaans, bv. as '**goedertierenheid**' of '**guns**' of '**liefde**' - ons moet ook verstaan dat dit gebruik is in verskillende kontekste.

Die Hebreeuse woord: "**rakh-am**", wat beteken, "**tender love, compassion, mercy, pity, (as cherishing the foe-tus).**"

In **Deut 13:17**— word verwys na die **barmhartigheid** van die HERE. En in **Neh 1:11** gaan dit oor die **barmhartigheid** van iemand anders, maar dieselfde Hebreeuse woord word gebruik.

**Luk 6:36** **Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.**

**Mat 25:34** Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëdes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

**Mat 25:35** Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee;

**Mat 25:36** Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het

My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.

**Mat 25:37** Dan sal die regverdige Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?

**Mat 25:38** En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee?

**Mat 25:39** En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom?

**Mat 25:40** En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: **Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.**

**Mat 25:41** Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.

**Mat 25:42** Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie.

**Mat 25:43** Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie.

**Mat 25:44** Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?

**Mat 25:45** **Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.**

Elke daad van liefde en barmhartigheid wat aan een van die geringste broeders gedoen word, **is dit asof u dit aan Jesus self gedoen het.**

## **Skriftuurplase insake barmhartigheid !**

### **GOD eer die blymoedige gewer!**

**Spr 31:20** Sy brei haar handpalm uit na die ellendige, en sy steek haar hande uit na die behoeftige.

Die deugsame vrou van **Spreuke 31** is so 'n blymoedige gewer. En die onderstaande teks leer ons dat **die HERE 'n welbehae het in weldadigheid en mededeelsaamheid.**

**Heb 13:16** **Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehag aan sulke offers.**

**Spr 22:9** Wie vriendelik is, hy word geseën, omdat hy van sy brood aan die arme gee.

**Spr 10:3** Die HERE laat die regverdige nie honger ly nie, maar die begeerlikheid van die goddelose stoot Hy weg.

**Spr 14:31** Wie die geringe verdruk, versmaad sy Maker, **maar hy wat hom oor die behoeftige ontferm, eer Hom.**

**Spr 22:2** Rykes en armes ontmoet mekaar, die HERE het hulle almal gemaak.

**Spr 22:16** Wie die arme verdruk, bevoordeel hom; hy wat aan die ryke gee, verarm hom net.

**Spr 18:23** Die arme spreek smeking, maar die ryke antwoord harde dinge.

**Mar 9:41** Want elkeen wat vir julle in my Naam 'n **beker water** gee om te drink, omdat julle aan Christus behoort, voorwaar Ek sê vir julle, **hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie.**

**Psa 112:9** **Hy strooi uit, hy gee aan die behoeftiges;** sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid; sy horing word verhoog in eer.

**Mat 5:42** **Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie.**

**Jak 2:15** As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het,

**Jak 2:16** en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit?

**1Joh 3:17** Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?

**1Joh 3:18** My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.

**Mat 6:19** **Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde,** waar mot en roes verniel en waar die ewe inbreek en steel nie;

**Mat 6:20** maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie;  
**Mat 6:21** want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

**Lukas 6:36** Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.

(4) **Finansies.**

## **Gee: - die Grondslag van Godsdiens**

Die hele **grondslag** van **godsdiens** is om te **gee, gee, gee**. Dit is dan ook die **geheim** van **krag, sukses** en **voorspoed** in die lewe van die kind van God.

1. **God het gegee: Joh 3:16** Want **so lief** het **God** die wêreld gehad, **dat Hy sy eniggebore Seun gegee het**, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
2. **Jesus het gegee:**
  - (a) Sy lewe, om vir ons 'n ewige lewe te bewerkstellig.
  - (b) Die Trooster - Die Heilige Gees.
  - (c) Die nege vrugte van die Gees. **Gal 5:22**
  - (d) Die nege gawes. **1 Kor 12:1-28**
  - (e) Sewe oorwinningslone in **Openb. 2 & 3.**
3. **Die martelare het hulle bloed gegee.**
4. **In Japan bring die Japanese koffers vol geld na die tempels van Boedha. So baie geld dat die mense daarvoor val. Daar word selfs geld in die bome opgehang vir hul god. Niemand sal dit ooit waag om van daardie "heilige" offergeld te vat nie.**
5. **Miljoene dollars van die Moslems gaan jaarliks vir die uitbreiding van die Moslem geloof. Om onder andere die Quar'an te versprei.**

Die **kerk van Christus** kan alleenlik oorwin deur dieselfde beginsel te handhaaf en dit uit te leef. Ons **moet gee** met 'n **flinke hand**, met 'n **warm hart**, en 'n **blymoedige gees**, want **God het 'n blymoedige gewer lief**. (2 Kor 9:7)

## **WAAR KOM DIE GEE VAN TIENDE VANDAAN?**

Dit is wat elke kind van God moet weet.



## 1. Abraham het die eerste tiende gegee!!!

**Gen 14:18** En Melgisédék, die koning van Salem, wat 'n **priester van God, die Allerhoogste**, was, het brood en wyn gebring

**Gen 14:19** en hom geseën en gesê: **Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.**

**Gen 14:20** En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. **Toe gee hy (Abraham) hom (Melgisedek) die tiende van alles.**

Dis opmerklik dat Abraham juis 'n **tiende** gegee het. Waar sou hy aan so 'n gedagte kom??? God self het daardie gedagte in sy hart gelê. So 'n gawe was aanneemlik by God, met ander woorde dit het God behaag.

## DIE OORSPRONG VAN DIE GEE VAN TIENDE, IS DUS GOD SELF!!!

## 2. Jakob het daarmee voortgegaan, deur 'n pragtige gelofte aan God:

**Gen 28:20** En Jakob het 'n **gelofte gedoen** en gesê: As God met my sal wees om my te bewaar op hierdie weg wat ek gaan, en aan my **brood sal gee om te eet en klere om aan te trek,**

**Gen 28:21** en ek behoue na die huis van my vader sal terugkom, **dan sal die HERE my God wees.**

**Gen 28:22** En hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, sal 'n huis van God wees **en van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes afstaan.**

Let op die woord **DIE** tiende, nie '**n**' tiende nie. Dit is 'n **duidelike verwysing** na 'n **aangewese en bepaalde gedeelte.**

**God** het hierdie **gelofte eerbiedig** en **Jakob** bo verwagting **voorspoedig** gemaak en geseën.

## 3. Moses het dit bevestig:

Ongeveer **700 jaar** nadat **Abram** begin het om **tiendes** aan die Here te betaal, en sowat **500 jaar** nadat **Jacob** die **gelofte** gedoen het aan God om **tiende** te betaal, het **die Here** aan **Moses** opdrag gegee om hierdie **instelling** aan die **Here** te **heilig**:

**Lev 27:30** Ook al **die tiendes** van **die land**, van **die graan** van die land, van **die vrugte** van die bome, behoort aan die **HERE; dit is**

## heilig aan die HERE.

Alle bronne van verdienste is hier **ingesluit**. Hier leer ons dat **tiende** die **deel** van **ons verdienste** is, wat **aan die Here geheilig is**. Met ander woorde **dié deel wat aan die Here behoort**.

### 4. Maleagi het dit beklemtoon:

**Mal 3:7** Sedert die dae van julle vaders het julle van **my insettinge afgewyk** en **dit nie onderhou** nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die HERE van die leërskaare. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer?

**Mal 3:8** Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? **In die tiendes en die offergawe.**

**Mal 3:9** Met **die vloek** is julle belaa, **en tog beroof julle My**, julle, die hele nasie!

**Mal 3:10** **Bring die hele tiende na die skathuis (skat-kis)**, sodat daar **spys in my huis** kan wees; en **beproof My** tog hierin, **sê die HERE** van die leërskaare, of **Ek** vir julle nie **die vensters van die hemel sal oopmaak** en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.

**Mal 3:11** Ek sal ook die **sprinkaan (skades en teëspoed)** vir julle **afweer**, sodat hy die **opbrings van julle grond** nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskaare.

**Mal 3:12** En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle **die land van welbehag sal wees**, sê die HERE van die leërskaare. (Die Here sal vir ons **sukses** en **voorspoed** gee.)

**Jer 1:12** Toe sê die HERE vir my: Jy het goed gesien, want **Ek is wakker oor my woord om dit te volbring**.

### 5. Jesus het die gee van tiendes aanbeveel:

**Mat 23:23** Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee **tiendes van kruisement** en **anys** en **koljander**, en **die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat**.

Ons **BEHOORT** die **TIENDE** te betaal **SONDER** om die **ander vereistes van 'n Christelike lewe na te laat**. **TIENDE** dus, is **DEEL** van die **GELOWIGE** se **GODSDIENS**.

## 6. Paulus het hom daarmee vereenselwig:

**1Kor 16:2** Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie.

Die bydrae van die gemeente was dus nie 'n instelling onder die wet nie, maar onder die genade, wat gereeld moes plaasvind.

Almal moes help om die evangelie laste te dra. Die bydrae was volgens die verdienste. Die wat baie voorspoedig was, moes baie gee. Die wat minder voorspoedig was moes weer minder gee. Sodat almal 'proporsioneel' eweveel sou gee.

Niemand kan liefhê, sonder om te gee nie. Om te gee is 'n integrale deel van liefde.

**2 Kor 8: 7 (b)** .....—sorg dat julle ook in hierdie liefdedaad oorfloedig is.

Ons gee omdat ons liefhet. Wanneer 'n jongman verlief raak op 'n jongdame, is die eerste ding wat hy wil doen, om 'n bewys van sy liefde aan haar te toon, deur geskenke soos blomme, lekkers of juwele.

God wil eerstens onself hê. In **2 Kor 8:5 (b)** lees ons: "en het nie alleen gedoen soos ons verwag het nie, maar het hulself eers aan die Here gegee, en toe aan ons deur die wil van God, "

## 7. Hoe ons gee - is die bewys van ons liefde tot God.

**Mal 1:8** En as julle 'n blinde dier ('n gebrekkige offer) bring om te offer, is dit geen kwaad nie! En as julle 'n lam of 'n siek dier ('n gebrekkige offer) bring, is dit geen kwaad nie! Bring dit tog vir jou goewerneur! Sal hy 'n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? sê die HERE van die leërskare.

Die Here wys op die belediging daarvan om aan Hom 'n gebrekkige offer te bring. So 'n offer wat ons nie eers aan 'n mens wat 'n hoë posisie beklee sou gee nie. Hoe moet die Here dan ons gawe aanneem wat nie volgens Sy VOORSKRIFTE IS NIE?

Baie van ons gee aan die Here so min en so swak as moontlik en tog begeer ons die Here se goedkeuring en seën daarop.

'n **Verhaaltjie** word vertel van 'n **plaasboer** wat **getuig** dat hy **die Here baie liefhet**. 'n Mede broer wat toe weet dat **geld 'n teer punt** in die lewe van die ou broer is, vra toe vir hom, en sê: "Broer Jan, as jy **20 perde** gehad het, sou jy **twee perde** aan die Here gegee het **natuurlik**, sou ek dit gegee het", sê broer Jan. "En as jy **tien koeie** gehad het, sou jy **een koei** aan die Here gegee het?" "**Seer sekerlik**" antwoord broer Jan: Wel, broer Jan, en as jy **tien varke** gehad het, sou jy **een vark** aan die Here gee?" "**Nee, nee, wag so 'n bietjie my broer**" sê broer Jan, "**dis nie reg van jou om van varke te praat nie, want jy weet ek het tien varke.**"

Die Here wil nie hê dat ons een tiende moet gee van wat ons **nie het nie**, nee, **Hy vra een tiende van wat HY WEET ONS KAN GEE**.

**2Kor 8:11** Maar **voltooi nou die daad ook**, sodat, net soos **die bereidheid om te wil** daar was, so ook **die voltooiing** kan wees **uit wat julle besit**.

**2Kor 8:12** Want as **die bereidwilligheid daar is**, is dit welgevallig **volgens wat iemand besit**, nie volgens wat hy nie besit nie.

Die Here se **stelsel van finansies** is die **regverdigste**. Almal het om te gee en almal gee eweveel. **Tiende** is dus 'n **deel**, God se deel, en nie 'n spesifieke bedrag of hoeveelheid geld nie.

## WAT IS TIENDE???

**Tiende** is **10% van u verdienste**. Dit is **een rand uit elke tien rand**, en **een sent uit elke tien sent**. Dit **behoort aan die Here**, voordat u enige **persoonlike onderhoudsuitgawe** aftrek.

**Verdienste** beteken **alles in goed of geld** waarmee u **begunstig** word. Dit sluit in salarisse, lone, besigheidsprofyte, gawes, erf-porsies, ens.

Dit is dus absoluut nodig dat ons van **al ons verdienstes behoorlik boekhou**, ten einde **die Here nie te beroof** van enige **gelde of goed** wat aan **Hom heilig en afgesonder** is nie.

**1Kor 16:2** Op elke **eerste dag van die week** moet **elkeen van julle self opsy sit en opspaar** namate sy **voorspoed is**, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie.

## 'n Illustrasie van tiende.

**Tiende** is soos die **mandjie** waarin u **buurman** vir u **vrugte** stuur. Die **vrugte** is vir u, maar die **mandjie** bly die eiendom van u **buurman**, en u moet dit weer **terugstuur**. Wat sou u dink van daardie vriend wat nie sy **buurman se mandjie terugstuur nie, maar dit ook hou?** U sal dadelik die gedagte kry dat hy **ondankbaar** en **inhalig** is. Die Here stuur vir ons **tien tiendes**. **Nege tiendes** moet u neem en die **een tiende** moet u **weer aan Hom teruggee**.

'n **Prediker** was ontbied om vir 'n **siek seuntjie** te bid. Toe hy uit die huis kom, staan die **ander boetie** sy blink nuwe motor en bewonder. Hy sê: "Oom is seker ryk om so 'n pragtige nuwe motor te kan koop." "Nee," antwoord die prediker: "**ek is arm en kon nie so 'n mooi motor bekostig nie, maar ek het 'n ryk broer en hy het dit vir my gegee.**" "O" sê die seuntjie peinsend, "ek wens .." "Ja," sê die prediker: "ek weet, jy wens dat jy ook so 'n ryk broer gehad het." "Nee," sê die seuntjie: "**Ek wens dat ek die ryk broer was.**"

Wat 'n **mooi gesindheid** merk ons nie hier op nie. Hierdie seuntjie se verlange was nie om te **ontvang** nie, maar om die **voorreg te hê om te kan gee**. Dit moet ook die gesindheid van die kind van God wees. Om graag te wil gee.

**Mat 22:20** En Hy sê vir hulle: Wie se beeld en opskrif is dit?

**Mat 22:21** Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: **Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom.**

**Mat 22:22** En toe hulle dit hoor, was hulle verwonderd en het Hom verlaat en weggegaan.

**Besluit dadelik!!! Begin dadelik!!!  
Wen dadelik!!!  
Betaal God se tiende!!!  
GEE, GEE, GEE!!!**

**Gen 28:22** En hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, sal 'n huis van God wees, en **van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes afstaan.**

Alexander Kerr het onder Moody tot bekering gekom. Eendag het hy in **Gen 28:22** gelees van Jacob se belofte aan God om Hom een tiende deel

te gee van alles wat hy verdien; - ook verder, hoe Jakob skatryk geword het deurdat hy sy woord aan God gehou het.

Met 'n bietjie twyfel maar 'n groot en eerlike begeerte om die Bybel uit te toets het Mnr Kerr op 1 Junie 1902 'n verbond met God gemaak om 'n sekere persentasie van al sy verdienste aan God af te staan vir Sy diens. Gedurende hierdie tyd was daar 'n verband op sy huis, hy het baie geskuld en was oorlaai met laste en probleme, hoofsaaklik geldelik. Maar hy was vasbeslote om God op die proef te stel soos Jacob.

**Mal 3:7** Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die HERE van die leërskaare. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer?

**Mal 3:8** Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? **In die tiendes en die offergawe.**

**Mal 3:9** Met die vloek is julle belaaï, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!

**Mal 3:10** Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.

**Mal 3:11** Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die oprings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskaare.

**Mal 3:12** En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehag sal wees, sê die HERE van die leërskaare.

Kort hierna het onverwagte seën hom begin oorval hy kon dit eenvoudig skaars glo. Nog in daardie jaar het hy in San Francisco 'n groot glasfabriek, wat vrugte bottels vervaardig, tot stand gebring en elke sent wat hy besit het, daarin belê.

Toe kom die groot aardbewing wat San Francisco getref het en vlamme en verwoesting het vir etlike dae voortgeduur in die omgewing van die glasfabriek sodat dit onmoontlik was om die skade vas te stel.

In al hierdie tyd het Kerr koppig geweier om te glo dat God hom in die steek gelaat het. Hy het vas en onwrikbaar op die beloftes van God in Maleagi gestaan. 'n Week later het hy berig ontvang dat alles binne 1½ myl rondom die fabriek vernietig is, maar die fabriek self het niks oorgekom nie. Tenspyte daarvan dat dit 'n dubbelverdieping houtgebou was waarin geweldige groot silinders by 2500 grade met olie verhitting die glas moet smelt, en dit het nie gebrand nie! Die vuur was rondom, het selfs bo-oor die fabriek gespring en anderkant weer verder gebrand, maar selfs die houtheining rondom het nie eers geskroei nie, selfs nie eers een glasbottel het gekraak of gebreek van die geweldige hitte en aardskudding

nie.

Hoe kan 'n mens hierdie wonder van genade en almag van God beskryf? Laat dit maar 'n les wees vir hulle wat nie glo aan die Woord en beloftes van God nie, of wat huiwerig is om Hom op Sy Woord te neem. God beloon nie slegs honderdvoudig nie, maar duisendvoudig en selfs nog meer as dit. Waarom nie vandag nog begin om Hom op die proef te stel nie?

## **Die aalmoes van die arm weduwee.**

**Mark 12:41** En Jesus het reg voor die skatkis gaan sit en gekyk hoe die skare geld in die skatkis gooi. En baie rykes het veel ingegooi.

**Mark 12:42** **En daar kom een arm weduwee en gooi twee geldstukkies in, dit is 'n oortjie.**

**Mark 12:43** Toe roep Hy sy dissipels na Hom en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkis gegooi het.

**Mark 12:44** Want hulle het almal uit hulle oorfloed ingegooi; maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het, haar hele lewensonderhoud.

## **Eise vir Ouderling en die Diaken:**

### **(5) Opsieners.**

### **Skriftuurlike vereistes vir die keuring van raadslede:**

Om rade aan te stel om die herderspaar se werkslas te help verlig is 'n skriftuurlike instelling wat reeds in **Exodus 18** ingestel is deur Moses. Hierdie wyse raad het hy ontvang van sy skoonvader, Jetro.

Vanaf **vers 13** sien ons hoe Moses reeds van vroeg in die oggend tot laat in die aand moes luister na al die volk se klagtes en probleme. Hy moes raad gee oor alle sake. Almal het net aanvaar dat hy die enigste een is wat dit kon doen.

### **Daarom sê sy skoonvader 'Jetro' vir hom:**

**Exo 18:18** **Jy sal heeltemal uitgeput raak**, jy sowel as hierdie volk wat by jou is. Want **die saak** is te **swaar vir jou; jy kan dit nie alleen doen nie.**

**Exo 18:19** Luister nou na my; ek sal jou raad gee, en God sal met jou wees. Wat jou betref, wees jy die verteenwoordiger van die volk by God en bring jy die sake voor God,

**Exo 18:20** en onderrig hulle in die insettinge en die wette, en maak hulle die weg bekend waarop hulle moet gaan, en die werk wat hulle moet doen.

**Exo 18:21** Maar kies jy uit die hele volk bekwame manne wat God vrees, betroubare manne wat onregverdigde wins haat. En stel dié aan oor hulle: owerstes oor duisend, owerstes oor honderd, owerstes oor vyftig en owerstes oor tien;

**Exo 18:22** en laat hulle voortdurend oor die volk **die regspraak uitoefen**: al die groot sake moet hulle na jou bring, maar in al die klein sake moet hulle self regspraak. Maak dit so ligter vir jou, en laat hulle saam met jou dra.

**Num 11:16** Toe sê die HERE aan Moses: Bring vir My sewentig manne uit die oudstes van Israel bymekaar, van wie jy weet dat hulle oudstes van die volk en sy opsigers is, en bring hulle by die tent van samekoms, dat hulle daar by jou kan staan.

**Num 11:17** Dan sal Ek neerdaal en daar met jou spreek; en van die Gees wat op jou is, sal Ek afsonder en op hulle lê; en hulle sal jou help om die las van die volk te dra, sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie.

**Daar moet baie streng Skriftuurlike Vereistes toegepas word in die verkiesing van alle rade:**

Ons sien in die Skrif verskeie vereistes waaraan raadslede moet voldoen.

## **Opsienersamp: [Ouderling]**

‘n Ouderling is iemand wat ‘n fondasie gelê het. [Oudste] Die Woord van God maak ‘n duidelike geestelike onderskeid tussen die diaken en die ouderling. Die diaken is nie geestelik so sterk soos die ouderling nie.

**Spr 16:31** Grysheid is ‘n sierlike kroon; dit word gevind op die weg van geregtigheid.

**Skriftuurlike vereistes by die aanstelling van ‘n ouderling:**

**1Tim 3:1** Dit is ‘n betroubare woord: as iemand na ‘n opsiensamp verlang, begeer hy ‘n voortrefflike werk.

**1Tim 3:2** ‘n Opsiener [Ouderling] dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;

**1Tim 3:3** geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie;

**1Tim 3:4** een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle



**waardigheid in onderdanigheid hou.**

**1Tim 3:5** Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?

**Nuwe bekeerlinge en persone van ander kerkgenootskappe moet 'n minimum tydperk van een jaar in die gemeente dien voordat hulle op rade verkies kan word:**

**1Tim 3:6** Hy moet **nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word** en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie.

**1Tim 3:7** Maar hy moet ook **goeie getuienis hê van die buite-standers**, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie.

**Titus word belas met die bestuur van die gemeente van Kreta:**

**Tit 1:5** Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad **ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het**—

**Tit 1:6** as iemand **onberispelik is**, die man van een vrou, **gelowige kinders het wat nie beskuldig word van losbandigheid of tugteloos is nie.**

**Tit 1:7** Want 'n **opsiener [ouderling]** moet as '**n rentmeester van God onberispelik wees**, nie eiesinnig, nie oplopend, geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie;

**Tit 2:2** Die **ou manne [ouderlinge]** moet **nugter wees, waardig, ingetoë, gesond in die geloof, in die liefde, in die lydsaamheid.**

Ouderlinge en diakens moet uit die geledere van die kerkraad verkies word d.m.v. 'n voorstel en sekondant.

**Ouderlinge in gemeentes verkies:**

**Hand 14:23** En hulle **het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies**, en hulle, **ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.**

**Vermaning aan ouderlinge:**

**1Pet 5:1** Ek vermaan die **ouderlinge** onder julle, ek wat 'n mede-ouderling en getuie van die lyde van Christus is, wat ook 'n deelgenoot is van die heerlijkheid wat geopenbaar sal word:

**1Pet 5:2** Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder

julle is, nie uit dwang nie, **maar gewilliglik**; nie om vuil gewin nie, maar **met bereidwilligheid**;

**1Pet 5:3** ook **nie** as **heersers oor die erfdeel** nie, maar as **voorbeelde vir die kudde**.

**1Pet 5:4** En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.

## **Pligte van ouderlinge:**

**Jak 5:14** Is daar iemand siek onder julle? Laat hom **die ouderlinge van die gemeente** inroep, en laat **hulle oor hom bid** nadat **hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het**.

**Jak 5:15** En die gebed van die geloof sal die kranke red, en **die Here sal hom oprig**. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.

Die ouderling moet bekwaam wees om, in die afwesigheid van die Pastoor, die leiding te neem in die gemeente met die bediening van die woord, siekes besoek, ens.

**Hand 20:28** Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die **Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg**, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.

[**1Tit 5:19** Moenie 'n beskuldiging teen 'n ouderling aanneem nie, behalwe op die getuienis van twee of drie.]

## **Diakens:**

**1Tim 3:8** Net so moet die **diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek** nie, **nie verslaaf aan wyn** nie, **geen vuilgewinsoekers** nie,

**1Tim 3:9** manne wat **die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou**.

**1Tim 3:10** En hulle moet ook eers **'n proeftyd deurmaak**; daarna, as **hulle onberispelik is**, kan hulle dien

**1Tim 3:12** Die **diakens** moet **manne van een vrou** wees en **hulle kinders en eie huis goed regeer**.

**1Tim 3:13** Want die wat goed gedien het, verkry vir hulle 'n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.

**Hand 6:2** En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie.

**Hand 6:3** Kyk dan uit, broeders, **na sewe manne uit julle**, van **goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid**, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel;

**Hand 6:4** maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord.

**Hand 21:8** En die volgende dag het ons, die geselskap van Paulus, vertrek en in Cesaréa aangekom; en ons het ons intrek geneem in die huis van Filippus, **die evangelis, wat een van die sewe diakens was, en by hom gebly.**

{ n **Pragtige voorbeeld in die Skrif van die wysheid wat saam met die grysheid kom, vind ons in:**}

**Exo 32:17** En toe **Josua** die stem van die volk hoor hoe hulle juig, **sê hy aan Moses: Daar is oorlogsgeraas in die laer.**

**Exo 32:18** Maar hy [Moses] antwoord: **Dit is nie die geluid van die wat sing van oorwinning nie; dit is ook nie die geluid van die wat sing van neerlaag nie: ek hoor die geluid van beurtgesang.**

**Josua, [diaken] se ‘geestelike vermoë’ is nie op dieselfde standaard as dié van Moses [ouderling] nie. Hy kon nog nie die geluid van die beurtgesang onderskei nie.**

**Hand 20:28** Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.

**1Pet 5:1** Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat ‘n mede ouderling en getuie van die lyde van Christus is, wat ook ‘n deelgenoot is van die heerlikheid wat geopenbaar sal word:

**1Pet 5:2** Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid;

**1Pet 5:3** ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde.

**1Pet 5:4** En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.

**Jak 5:14** Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

**Jak 5:15** En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Die ouderlinge moet oor die siekes bid.

Stefanus, 'n diaken was die eerste martelaar vir die kerk van Christus. Filippus, een van die eerste diakens, word 'n Evangelis.

**1Tim 5:17** Laat die **ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer.**

Die Herder/ouderling moet die **OPPERHERDER** ken en lewe in verbondenheid met Hom.

Ouderlinge en diakens moet geestelike leiding neem. Jeugdienste, Sondagsskool, Bid vir siekes, Altaarwerkers, Wagdienste - bid vir doping in die Heilige Gees.

Lê klem op die hele gesin. **Kinders moet IN die kerk grootgemaak word.** Reël dienste op verskillende aande; bv pa en seun biduur; of ma en dogter biduur; of 'n biduur vir die hele gesin.

Voltooi jou taak in die diens van God soos HY dit wil hê.

## **Sustersraad.**

**1Tim 3:11** Net so moet die **vroue** waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles.

**Tit 2:3** **Die ou vroue** moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is,

**Tit 2:4** **sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê,**

**Tit 2:5** ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie.

**1Tim 2:9** So ook moet die **vroue** hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pèrels of kosbare klere nie,

**1Tim 2:10** maar, soos dit **vroue** betaam wat die godsvrug bely, met goeie werke.

**1Tim 2:11** **Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid.**

**1Tim 2:12** **Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of**

oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou.

## Sondagskool Personeel:

Dis baie duidelik uit die Nuwe Testament dat God 'n hoë premie plaas op ons kinders. Sondagskool werk is baie belangrik en glad nie 'n minderwaardige ou 'werkie' nie. Ook Sondagskool onderwysers/onderwyseresse moet noukeurig gekies word. Kinders is baie ontvanklik vir lering. Ons kan nie bekostig dat 'verkeerde' mense ons kinders leer nie.

**Mat 18:2** Toe roep Jesus 'n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan

**Mat 18:3** en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!

**Mat 18:4** Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.

**Deut 6:7** en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.

**Deut 6:8** Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees.

**Deut 6:9** En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe.

## Jeugraad:

**1Pet 5:5** Net so moet julle, jongeres [Jeugraad], aan die oueres [Pastoor, kerkraad en sustersraad] onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar [raadslede], want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.

**1Pet 5:6** Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.

**Tit 2:6** Vermaan die jong manne [Jeugraad] net so om ingetoe te wees.

**Tit 2:7** Betoon jou in alles 'n voorbeeld van goeie werke, met onvervalstheid in die leer, waardigheid, opregtheid.

**Tit 2:8** Laat die woord gesond en onweerspreklik wees, sodat die teëstanders beskaam kan word en niks slegs kan hê om van julle te sê nie.

**Psa 119:9** Bet. Waarmee sal **die jongeling [ook die jeugraad]** sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord.

**Pred 11:9** Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring.

**Pred 11:10** En weer verdriet uit jou hart, en hou die kwale weg van jou liggaam, want **die jeug en die jonkheid is nietigheid.**

**Pred 12:1** En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die **ongelukkige dae** kom en **die jare aanbreek** waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie—

**Spr 1:10** My seun, as die sondaars jou wil verlei, moet jy nie inwillig nie;

**Spr 7:1** My seun, **onderhou my woorde en bewaar my gebooie by jou;**

**Spr 7:2** **onderhou my gebooie, dan sal jy lewe, en my onderwysing soos jou oogappel;**

**Spr 7:3** **bind hulle aan jou vingers, skryf hulle op die tafel van jou hart.**

Deur die bogenoemde skrifgedeeltes aan die gemeente voor te hou, behoort daar geen ‘verkeerde keuses’ gemaak te word, wanneer raadslede genomineer word nie. Indien ons by God se Woord bly sal ons nie verkeerde besluite neem nie.

## **(6) 18 - Bedieninge vir die liggaam.**

**Kol 4:17** En sê aan Archíppus: **Gee ag op die bediening wat jy ontvang het in die Here, dat jy dit vervul.**

### **(a) PASTORAAL . {Herder}**

Iemand met die pastorale bediening besit die vermoë om diegene in sy sorg te lei. Hy neem persoonlike langtermyn verantwoordelikheid vir hulle geestelike welvaart deur besluite vir hulle te neem, hulle te beskerm teen dwaling en deur self ‘n voorbeeld te wees van die gesindheid van Jesus Christus {Fil 2:5}. Om sodoende die gemeente dan ook te vermaan waar nodig, en tot Geestelike volwassenheid in Christus Jesus te lei.

**(1Kor 3:1-3 \ Heb 5:12-14 \ 1Pet 2:2.) Voorganger 1Thes 5:12-13 \ Heb 13:7**

### **Skriftuurplase:**

**1Pet 5:2** Hou as **herders** toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid;

**1Pet 5:3** ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde.

### **(b) VERMANING.**

Die bediening van vermaning is 'n belangrike manier waarop God die liggaam in staat stel om mekaar te help om praktiese Christelike lewens te lei. Dit is **eerstens** die vermoë om mense aan te spoor tot optrede deur skriftuurlike waarheid toe te pas, **tweedens** om mense in die algemeen met skriftuurlike waarheid aan te moedig en **derdens** om mense met spesifieke probleme te help om skriftuurlike waarhede in hulle situasies toe te pas.

### **Skriftuurplase:**

**Hand 11:23** Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal **vermaan** om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly;

**Heb 3:13** Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.

**HAT: Woordeboek = ernstig waarsku; iemand sy verkeerde gedrag voorhou; aanspoor tot verbetering, berispe.**

{Dit is die algemene uitlating wat dan ook deur baie mense gemaak word, **sodra hulle vermaan of tereg gewys word**; ek voel nie skuldig nie die Gees van die Here het my nie oortuig nie. Dus kan ek nie sien dat dit sonde is nie. 'En wie is jy om my te oordeel?'} **'Geestelike blindheid'**

**Rigt 16:20 (b)** want hy (Simson) Het nie geweet dat die Here van hom gewyk het nie. **1 Thes 5:19** **Blus die Gees nie uit nie.**

### **(c) HELPER.**

Die definisie van 'n helper is iemand wat sy talente en bekwaamheid ten behoeve van ander lede in die liggaam aanbied. Sodat hierdie persone se

doeltreffendheid in die werk van God en die beoefening van hulle bediening verbeter.

### **Skriftuurplase:**

**Num 11:16** Toe sê die HERE aan Moses: **Bring vir My sewentig manne** uit die oudstes van Israel bymekaar, van wie jy weet dat hulle oudstes van die volk en sy opsigters is, en bring hulle by die tent van samekoms, dat hulle daar by jou kan staan.

**Num 11:17** Dan sal Ek neerdaal en daar met jou spreek; en van die Gees wat op jou is, **sal Ek afsonder en op hulle lê; en hulle sal jou help om die las van die volk te dra, sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie.**

**Hand 9:36** En in Joppe was daar 'n sekere dissipelin met die naam van Tabíta, wat, as dit vertaal word, beteken Dorkas. **Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het.**

### **(d) ADMINISTRASIE / REGERINGE.**

Hierdie bediening behels 'n vermoë om die onmiddelike sowel as langtermyn doelwitte van die betrokke gedeelte van die liggaam van Jesus Christus te verstaan en om planne te maak en uit te voer ten einde hierdie doelwitte te bereik.

{**HAT Woordeboek** = Persone wat iets bestuur of beheer. Administrasie: kantoor- koste.}

### **Skriftuurplase:**

**2Kron 31:11** Toe gee **Jehiskía** bevel om kamers in die huis van die HERE in te rig; en hulle het dit ingerig

**2Kron 31:12** en die **offergawes en die tiendes en die heilige gawes getrou ingebring; en daaroor was Konánja, die Leviet, as hoof aangestel, en sy broer Símei as tweede.** {Tesourier}

**1Kor12:28** En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, **regeringe**, allerhande tale.

Hierdie is die enigste plek in die Nuwe Testament, waar die woord as **regeringe** vertaal word, te vinde is. Die woord het te doen met rigtinggewing ter bereiking van 'n doelwit. Die beeld wat die oorspronklike woord skep is die van 'n skeepskaptein.



**Hand 6:3** Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel;

**Hand 6:4** maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord.

**Hand 6:5** En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: **Stéfanus, ‘n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláuis, ‘n Jodegenoot uit Antiochië,**

## **(e) BARMHARTIGHEID.**

**HAT Woordeboek “Barmhartigheid”** = Medelydend, met meegevoel; sag; Iemand barmhartig behandel.

Iemand met die bediening van barmhartigheid het die vermoë van God ontvang om meegevoel met Christene sowel as nie—Christene te hê, wat fisies, geestelik of sielkundig ly. Hulle kan ook hierdie meegevoel omskep in blymoedige diens aan hierdie lydendes ter versagting van hulle leed.

### **Skriftuurplase:**

**Luk 3:10** En die skare het hom gevra en gesê: Wat moet ons dan doen?

**Luk 3:11** En hy antwoord en sê vir hulle: **Wie twee kledingstukke het**, moet meedeel aan hom wat nie het nie; **en wie voedsel het**, moet dieselfde doen.

### **Die barmhartige Samaritaan !**

**Luk 10:31** En bygeval het ‘n **priester** met daardie pad afgekom, en toe hy hom sien, (Ver 30 man deur rowers oorval) gaan hy anderkant verby.

**Luk 10:32** En net so het ook ‘n **Leviet** by dié plek gekom en hom gesien en anderkant verbygegaan.

**Luk 10:33** Maar ‘n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel,

**Luk 10:34** en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakkier gehelp en hom na ‘n herberg geneem en vir hom gesorg.

**Heb 13:16** **Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie**, want God het ‘n welbehag aan sulke offers.

**1Pet 3:8** En eindelijk, wees almal eensgesind, **medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik.**

**Psa 112:9 Hy strooi uit, hy gee aan die behoeftiges;** Sade. sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid; Kof. sy horing word verhoog in eer.

## **(f) LERING.**

Iemand met die bediening van lering het die bekwaamheid om te onder-  
rig, te verduidelik en om Bybelse waarheid so te openbaar dat gelowiges  
dit kan verstaan, en die waarheid in hulle eie lewens kan toepas.

### **Skriftuurplase:**

**1Kor 14:26** Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom,  
dan het elkeen van julle 'n psalm **of 'n lering** of 'n taal of 'n openbaring  
of 'n uitlegging—laat alles tot stigting geskied.

**Jak 3:1 Moenie baie leermeesters wees nie**, my broeders, omdat  
julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan.

Mense sal die waarheid verstaan op grond van dit wat u omtrent die By-  
bel verduidelik.

U sal 'n sterk innerlike drang hê om die waarheid te verstaan en om ma-  
niere te vind om dit aan ander oor te dra.

U sal uself kan dissiplineer om die Woord van God baie te bestudeer.

U vind dat u baie begaan is oor die betekenis van gedeeltes en sal nie  
tevrede wees met onduidelike verklarings nie.

U sal gedurig u metodes van onderrig verbeter om sodoende seker te  
maak dat die leerproses bevorder word.

U sal sien dat mense meer soos Christus word in hulle optredes en gedag-  
tes as gevolg van u hulp, om die Bybelse waarhede aan hulle te verdui-  
delik. Mense sal God al hoe dieper leer ken vanweë u bekwaamheid om  
die Bybelse waarhede prakties te verduidelik interme van die heden-  
daagse situasie.

**Kol 3:16 Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in  
alle wysheid.** Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en  
geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die  
Here.

## **(g) UITDEEL.**

U is sensitief vir die materiële behoeftes van andere.

U is haastig om 'n las te dra om sodoende in die behoefte van iemand an-  
ders te voorsien.

U het die bekwaamhede wat deur God gebruik kan word vir die ophoping

van finansiële bronne.

### **Skriftuurplase:**

**Luk 6:38** Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.

**{ Na aanleiding van bogenoemde skrif; God het nie 'n maatband nie, hy gebruik jou maatband }**

**Gal 6:10** Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, **aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.**

**Spr 3:27** Hou 'n weldaad nie terug van hom aan wie dit toekom as dit in jou mag is om dit te doen nie.

### **(h) PROFEET.**

Die bediening van die profeet bestaan uit die vermoë om waarheid wat van God ontvang is oor te dra, **sodat dit die gelowiges kan stig, bemoedig en vertroos.** Terwyl dit ongelowiges oortuig van die werklikheid van God. Profesie moet beoordeel word met God se Woord. Dit is dan die belangrikste gawe van geïnspireerde uitinge. Enigeen kan hom vir die gawe beywer en sy profesie moet beoordeel word. **1Kor 12:10** Is die gawe van Profesie dan die sesde van die nege gawes. **1Kor 13 {Die hoofstuk van liefde}** is tussen hoofstuk twaalf **{die gawes}**, en hoofstuk veertien **{ gawe van profesie}**, wat in liefde bedien moet word. **1Kor 14:29** Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel

### **Skriftuurplase:**

**1Kor 14:3** Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van **stiging en troos en bemoediging.**

**1Kor 14:24** Maar as almal profeteer en daar 'n ongelowige of 'n onkundige binnekome, dan word hy deur almal oortuig, deur almal beoordeel; **1Kor 14:25** en so kom die geheime van sy hart aan die lig. En so sal hy op sy aangesig val, God aanbid, en verkondig dat God werklik onder julle is.

### **(i) GASVRYHEID.**

Die bediening van **gasvryheid** bestaan uit die voorsiening van verblyf en voedsel aan hulle by wie dit 'n behoefte is, sowel as die bereidwilligheid om mense dikwels tuis te onthaal indien nodig.

## **Skriftuurplase:**

**Rom 12:13** Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na **gasvryheid**;

**Heb 13:2** Vergeet die **gasvryheid** nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.

## **(j) EVANGELISASIE.**

Iemand met die bediening van 'n ewangelis besit die vermoë om die Evangelie in die **openbaar** sowel as **privaat** te verkondig, sodat mense tot geloof in Christus kan kom.

## **Skriftuurplase:**

**Efes 4:11** En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as **ewangeliste**, ander as herders en leraars,

**Hand 5:42** En hulle het nie opgehou om elke dag in die tempel en van **huis tot huis te leer nie**, en die ewangelie te verkondig dat Jesus die Christus is.

**2Tim 4:2** verkondig die woord; hou aan **tydig en ontydig**; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;

**2Tim 4:5** Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n **ewangelis**; vervul jou bediening.

**Spr 1:21** op die hoek van die rumoerige strate roep sy, by die ingange van die poorte, in die stad, spreek sy haar woorde: { Opeligidienste }

## **(k) APOSTEL.**

**Die apostels van die Nuwe Testament was deur Jesus geroep en gestuur met spesifieke opdragte en sendings.** Hulle was ooggetuies van Jesus se opstanding. Wat hulle by Hom gesien en gehoor het, het hulle aan die wêreld oorgedra, opgeneem in die Heilige skrifte, vorm dit die voltooide, volmaakte woord van God, uitsluitlik ewig gesagvol. Daar is niks by te voeg nie, niks weg te neem nie.

## **Skriftuurplase:**

1) Die volle raad van God (**Hand 20: 26, 27**)

2) Die ware woord van God (**1Thes. 2: 13**)

3) Die onvervangbare ewige ewangelie (**Gal. 1: 6-9**)

4) Die onverwerplike enigste ewangelie (**1Thes. 4: 8**)

5) Wat hulle by Christus gehoor het, het hulle oorgedra (**1Kor.11:23;**

**1Joh. 1: 5**)

6) Hulle evangelie was die krag van God tot saligheid (**Rom 1: 16**)

7) Apostels het in Jesus se opdrag gepreek (**Mat. 28:19;**

**Mark.16:15,16; Luk. 24:49; Hand 1:8**)

## **(l) WONDERWERKE.**

Iemand met die bediening van wonderwerke word deur God gebruik om die natuurlike stand van sake te bowe te gaan deur 'n kragtige daad te verrig, sodat omstanders sonder twyfel oortuig is van God se ingryping.

### **Skriftuurplase:**

**Hand 3:6** Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop! **{Kreupel gebore man by die tempelpoort}**

**Hand 3:7** Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword.

**Hand 3:8** En hy het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop en spring en God prys.

**Hand 8:5** En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaría en Christus aan hulle verkondig.

**Hand 8:6** En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filipus toe hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen.

**Hand 8:7** **Want uit baie van die wat onreine geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle met 'n groot stem skreeu; en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword.**

## **(m) VOORBIDDING. {Intersessors}**

Die bediening van voorbidding is 'n spesiale vermoë wat God aan sommige lede van die liggaam van Jesus Christus gee, om vir lang periodes en op gereelde basis te kan bid. Hierdie mense spandeer baie tyd en bid vir persone en sake op 'n onbaatsigtige wyse.

(a) Vir die redding van siele regoor die wêreld: Rom:10:9, Hand 17:30, Mark 16:16, Mat 28:19, Rom 2:4, 3:21-23, Hand 2:37-38, 17:30-31 ens.

(b) Vir predikers: Kol 3:4, Efes 6:18-19, 1 Thes 5:25, 2 Thes 3:1 ens

(c) Vir onself: 1 Kron 4:10, Psm 106:4-5, 132:1 ens

(d) Vir mekaar en alle gelowiges: Jak 5:16, Rom 1:9.

(e) Vir hulle wat deur ons getuienis gered word: 1Thes 3:9-11.

- (f) Vir die redding van ons familie betrekkinge: Rom 10:1.
- (g) Vir ons teruggevalle broeders: 1 Joh 5:16.
- (h) Vir al die siekes: Jak 5:14-15.
- (h) Vir ons kinders: 1 Kron 29:19.
- (i) Vir konings en hulle wat hooggeplaas is: 1 Tim 2:1-2,
- (j) Vir die omgewing waar ons woon: Jer 29:7.
- (k) Vir Israel - die Jood: Joël 2:17, Psm 122:6, Gen 12:3.
- (l) Vir hule wat ons vervolg en die martelare: Mat 5:44, Luk 6:28.

## **(n) SENDELINGE:**

Die sendelinge bedien mense in 'n ander kultuur as sy eie, met die deeltelike gawes wat hy van God ontvang het.

### **Skriptuurplase:**

**Efes 3:8** Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die **heidene** die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig,

**1Tim 2:7** waartoe ek aangestel is as 'n prediker en apostel—ek sê die waarheid in Christus, ek lieg nie—'n leraar van die **heidene** in geloof en waarheid.

**2Tim 1:11** waarvoor ek aangestel is as prediker en apostel **en leraar van die heidene.**

## **(o) LEIERSKAP.**

Die bediening van **leierskap** is die buitengewone vermoë wat God aan iemand gee om leiding te gee, deur mikpunte te stel ooreenkomstig God se plan aangaande die toekoms. So 'n persoon kommunikeer dan hierdie doelstellings met ander op so 'n wyse dat hulle vrywillig en harmonieus saamwerk om die doelstellings te verwesenlik tot eer van God.

**HAT** Woordeboek = Persoon wat leiding neem; voorganger, aanvoerder.

### **Skriptuurplase:**

**1Kor 12:28** En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde **leraars**, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, **helpers, regeringe**, al-

lerhande tale.

**Efes 4:11** En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,

**Efes 4:12** om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,

## (p) GENESING.

Die bediening van genesing is 'n buitengewone bediening wat God aan sommige in die liggaam van Jesus Christus gee, om deur handoplegging en gebed sulkes te genees sonder natuurlike hulp.

HAT Woordeboek = gesondmaking, genesing van siektes deur Jesus.

### Skriftuurplase:

**Jak 5:14** Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die **ouderlinge** van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

**Jak 5:15** En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.

**Jak 5:16** Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. **Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.**

**Hand 28:8** En die vader van Públius het siek gelê aan koors en buikloop. En Paulus het ingegaan na hom toe, en nadat hy gebid het, **hom die hande opgelê en hom gesond gemaak.**

**Hand 14:8** En in Listre het daar 'n man gesit wat **magteloos was aan sy voete, kreupel van sy geboorte af, en hy het nooit geloop nie.**

**Hand 14:9** Hy het geluister terwyl Paulus spreek; en Paulus het die oë op hom gehou, **en, toe hy sien dat hy geloof het om gesond te word,**

**Hand 14:10** met 'n groot stem gesê: **Staan regop op jou voete! En hy het opgespring en begin rondloop.**

## (q) DIENSBAARHEID.

Die bediening van diensbaarheid is 'n bonatuurlike vermoë wat God gee aan sekere lede van die liggaam van Jesus Christus, om behoeftes te

identifiseer met betrekking tot die werk van die Here en dan gebruik te maak van die nodige middele, om in die behoeftes te voorsien. Iemand met hierdie bediening het normaalweg 'n wye verskeidenheid van bedieninge.

### **Skriftuurplase:**

**1Kor 12:22** Maar veel eerder is dié lede van die liggaam noodsaaklik wat die swakste lyk;

**Rom 6:18** en, vrygemaak van die sonde, het julle **diensbaar** geword aan die geregtigheid.

**Rom 6:19** Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede **diensbaar** gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking.

### **(r) GELOOF.**

Die bediening van geloof is die buitengewone vermoë wat God aan sommige lede van Sy liggaam gee om nie alleen die behoefte te onderskei nie, maar God dan te vertrou totdat Hy voorsien.

### **Skriftuurplase:**

**Jak 2:26** Want soos die liggaam sonder gees dood is, **so is ook die geloof sonder die werke dood.**

**Heb 11:1** Die geloof dan is 'n vaste vertrou op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

**Heb 11:2** Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang. (Die Geloofshelde van Hebreërs die elfde hoofstuk.)

**2Tim 4:7** Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; **ek het die geloof behou.**

**2Tim 4:8** Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.

**Rentmeesterskap** is om dit wat God aan my toevertrou so te bestuur en aan te wend dat ek met blydskap daarvoor rekenskap kan gee teenoor Hom wat dit voorsien. {Kom ons raak betrokke in die huishouding van God} Ek sal nooit hoef rekenskap te gee vir wat ek nie ontvang het nie.

**Wat word van hierdie diensknegte as bestuurders verwag?**



**Ons is God se rentmeesters** aan wie Hy tyd en geleentede, bekwaam-hede en besittings, en die seëninge van die aarde en Sy hulpbronne toevertrou het. Ons is aan Hom verantwoordelik vir die wyse waarop ons hulle gebruik.

**Kol 4:17** En sê aan Archíppus: **Gee ag op die bediening wat jy ontvang het in die Here, dat jy dit vervul.**



## **DIE PREDIKERS !**

**1Thes 5:12** Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan;

**1Thes 5:13** en bewys hulle in liefde die hoogste agting terwille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar.

**Hebr 13:7** Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.

**Hebr 13:8** Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. {Die mens verander, is feilbaar, ontrou en maak koersaanpassings vir 'n moderne en verligte eeu !!}

**Heb 13:9** Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; ....

**Open 3:20** Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

**Die deur kan slegs van die binnekant af oopgemaak word !!!**



### **Jesus se uitnodiging !!!!!**

**1Joh 1:9** As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ **Psm 38:19(b)** Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar 'n **kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

**Joh 12:48** Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom **oordeel**: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag. \ Hand 17:30 onkunde oorgesien

**Jes 1:18** Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die **HERE**: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

**Amos 4:12** –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,..** “**MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne  
Posbus 872  
KLEINBRAK  
6503

(044) 696-5891

Epos: [konanja333@gmail.com](mailto:konanja333@gmail.com)  
Webtuiste: [www.ramshoring.co.za](http://www.ramshoring.co.za)

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

## Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

